



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2014

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:
   AFDELING A: 20ste-eeuse Teaterbewegings (30 punte)
   AFDELING B: Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 (40 punte)
   AFDELING C: Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr (40 punte)
   AFDELING D: Die Geskiedenis van Teater, Praktiese Konsepte, Inhoud en Vaardighede (40 punte)

2. **AFDELING A**
   **VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
   **Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

   **EPIESE TEATER**
   - *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
   - *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
   - *Mother Courage* — Bertolt Brecht
   - *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
   - *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
   - *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

   **OF**

   **TEATER VAN DIE ABSURDE**
   - *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
   - *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
   - *Bagasie* — André P Brink
   - *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
   - *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

   **OF**

   **POSTMODERNE TEATER**
   - *Skrapnel* — Willem Anker
   - *Top Girls* — Carol Churchill
   - *Popcorn* — Ben Elton
   - *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
   **Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.**

   | | | |
   |---|---|---|
   | VRAAG 2: | *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon |
   | VRAAG 3: | *Sophiatown* | Junction Avenue Theatre Company |
   | VRAAG 4: | *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
   **Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.**

   | | | |
   |---|---|---|
   | VRAAG 5: | *Nothing but the Truth* | John Kani |
   | VRAAG 6: | *Groundswell* | Ian Bruce |
   | VRAAG 7: | *Mis* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D**
   **Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag. VRAAG 8 is VERPLIGTEND.**
   VRAAG 8: Teatergeskiedenis, Praktiese Konsepte, Inhoud en Vaardighede

## AFDELING A: 20^ste^-EEUSE TEATERBEWEGINGS

AFDELING A is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die relevante 20^ste^-eeuse Teaterbeweging.

Teater van die Absurde
**OF**
Epiese Teater
**OF**
Postmoderne Teater

Dui die toneelteks wat jy bestudeer het, boaan jou opstel aan.

| |
|---|
| 'Teater is geskep om mense die waarheid oor die lewe en die samelewing te vertel.'<br>– Stella Adler |

Bespreek, in 'n opstel, hoe die dramaturg 'die waarheid oor die lewe en die samelewing' ondersoek in die toneelteks wat jy vanjaar bestudeer het.

Jy moet na ten minste DRIE van die punte hieronder in jou opstel verwys:

- Sosiopolitieke konteks
- Temas
- Karakters
- Taal en dialoog
- Intrige/Struktuur
- Teatermiddele/Teatertegnieke
- Ruimte/Skouspel

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

| | |
|---|---|
| MBONGENI: | Having rest, baas. Still smoking. |
| PERCY: | Do you think I pay you for smoking? (*Glances at the truck.*) Hey, push the truck. |
| MBONGENI: | We pushed the truck! Ten thousand bricks! Boss, there's too much work for two people. Me and Bobbejaan start the engine. Me and Bobbejaan shovel the sand. Me and Bobbejaan load the bricks. Me and Bobbejaan push the truck! Aaay suka! We need other people! |
| PERCY: | There's no jobs! |
| MBONGENI: | There is jobs!!! Ten thousand bricks! This morning there were many people at the gates standing there looking for work. And you chased them away! |
| PERCY: | Zuluboy, you're getting cheeky, huh? |
| MBONGENI: | I'm not getting cheeky. It's true. |
| PERCY: | Ja! I'm cutting down your salary. I think you're getting too much. Ja! Ja! |
| MBONGENI: | The boss can't cut salary. |
| PERCY: | Ek gaan dit doen! (I'm going to do it.) |
| MBONGENI: | That's not showing sympathy for another man. The cost of living is too high. There's too much inflation. |
| PERCY: | Zuluboy! Zuluboy! You sit around waiting for Morena and then you come and tell me about the cost of living? You talk about inflation? What do you know about inflation? I've got you here, just here. One more mistake, one more cheeky, and you're fired! |

2.1 Bestudeer die titel *Woza Albert!*

2.1.1 Waarom, dink jy, gebruik die skeppers van hierdie toneelteks 'n uitroepteken in die titel? (1)

2.1.2 Verduidelik die betekenis van die titel. (2)

2.2 Verduidelik die dramatiese struktuur wat in die toneelstuk *Woza Albert!* gebruik is. (4)

2.3 Verwys na reël 4–11.

2.3.1 Bespreek TWEE temas wat in hierdie reëls na vore kom. Verwys in jou antwoord na die toneelteks. (6)

2.3.2 Bespreek hoe 'n akteur effektief, vokaal en fisies, van Bobbejaan na Baas Kom kan verander. (Reël 4–11) (4)

2.4 Die toneelstuk *Woza Albert!* vang die konsep vas dat die akteur se liggaam 'n instrument van kommunikasie is.

2.4.1 Wat word met *instrument van kommunikasie* bedoel? (2)

2.4.2 Identifiseer TWEE verskillende maniere waarop die liggaam in die toneelstuk as 'n instrument van kommunikasie gebruik word. (2)

2.4.3 Beskryf TWEE belangrike vaardighede wat 'n akteur in *Woza Albert!* moet gebruik sodat sy liggaam 'n effektiewe instrument van kommunikasie kan wees. (4)

2.5 Evalueer hoe die skeppers van hierdie toneelteks 'n intieme en dinamiese akteur-gehoor-verhouding verkry deur die gebruik van:

- Karakters
- Ruimte
- Taal
- Toneelspelstyl (8)

**BRON B**



2.6 Waarom het die skeppers van hierdie toneelteks besluit om dwarsdeur die opvoering kostuums op die verhoog beskikbaar te hê, soos in BRON B gesien word? (3)

2.7 In BRON B gebruik die karakter die bokse om op te lê. Beskryf ander gebruike van die bokse in die toneelteks van *Woza Albert!* (4)

**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

JAKES: Whe've you been, Mingus? Been making trouble again?

MINGUS: Jakes, I'm in love, man. I've been to a wonderful funeral.

JAKES: A funeral? Is there a story there?

MINGUS: Ja, skryf daar, 'I went so nobody could say I killed him.'

(*Charlie has crept up to Mingus and begins to shine his shoes while he is still wearing them.*)

MINGUS: Hey Charlie – leave off! Leave off! Go and sleep in the car. We've a job tonight. I want you wide awake. Hey Charlie – move.

(*Charlie persists in trying to clean the shoes.*)

MINGUS: Go on! (*Mingus pushes Charlie away.*) Jakes, ek wil 'n brief hê – 'n letter van love.

JAKES: A love letter for you?

MINGUS: Ja, ek's in love, met a real tjerrie, 'n matara, a real ding, 'n princess ... That's her name – Princess!

JAKES: Why don't you write it yourself, Mingus? I'm working.

MINGUS: Ag man Jakes, ek kan nie skryf nie. You know that – ek kan wietie, maar ek kan nie skryf nie.

JAKES: Well, that's too bad, man. I'm busy.

MINGUS: Listen, I'll give you a story, a story for a love letter.

3.1 Waarom sal 'n gehoor reël 4 snaaks vind? (2)

3.2 Karakters vervul 'n verskeidenheid funksies in 'n toneelteks.

3.2.1 Bespreek waarom die insluiting van Charlie as 'n karakter in die storie van *Sophiatown* belangrik is. (4)

3.2.2 Dui aan wat Mingus se houding teenoor Princess is (reël 13–14) en verduidelik hoe dit deur die loop van die toneelstuk verander. (4)

3.2.3 Watter raad sal jy aan 'n vriend gee wat 'n oudisie vir die karakter Mingus wil aflê? Fokus op die fisieke, emosionele en vokale uitbeelding van die karakter. (6)

3.2.4 Bespreek die dramatiese funksie van die karakter Jakes in die toneelstuk. (4)

Kopiereg voorbehou 

**BRON B**



**Ensemblegroep van *Sophiatown*, die toneelstuk**

3.3 Verduidelik wat in BRON B gebeur. Gebruik jou kennis van die toneelteks om jou antwoord te motiveer. (2)

3.4 Beskou die verskillende karakters om die tafel.

3.4.1 Beskryf die algemene bui/stemming wat in BRON B uitgebeeld word. Motiveer jou antwoord. (2)

3.4.2 Kies TWEE karakters en verduidelik hoe hulle die lewe in Sophiatown, die plek, weerspieël en voorstel. (6)

3.5

| |
|---|
| 'Ons het drie keer per week ses maande lank in die aand bymekaargekom en in die werkswinkel probeer om mekaar kreatief oor die apartheidskeiding heen te konfronteer.' – Malcolm Purkey |

Bespreek hoe die toneelteks *Sophiatown* geskep is. Verwys na Malcolm Purkey se aanhaling in jou antwoord. (10)
**[40]**

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**




**'n Produksie van *Siener in die Suburbs***

4.1 Identifiseer karakters **A**, **B** en **C**. (3)

4.2 Verduidelik wat karakter **A** en **C** elkeen persoonlik wil bereik deur karakter **B** tussen die kap en die enjin in te druk. (2)

4.3 Bespreek hoe elke karakter in BRON A ten minste EEN tema in die toneelteks beklemtoon. Gebruik 'n ander tema vir elke karakter. (6)

4.4 Jy is gevra om oudisies vir beide karakter **B** en **C** af te lê. Beskryf hoe jy fisies die verskille tussen hulle persoonlikhede sal uitbeeld. (6)

4.5 Wat gebeur met karakter **B** aan die einde van die toneelstuk? Na jou mening, waarom het hy op hierdie optrede besluit? (3)

Kopiereg voorbehou 

**BRON B**

| | |
|---|---|
| MA: | My kind, toe Ma uitvind sy verwag jou, was ek ook party dae lus om 'n breinaald in my in te druk. Maar toe jy kom, het ek jou liefgehad. Jy weet nie hoe leef mens vir 'n kleintjie nie – niemand weet nie, net jyself. Jy't nie alleen wou hê dat jy moet uitkom uit die Suburbs nie. Mooi meisies het swaar met mans, maar hulle het altyd 'n kans. Ma wou ook dat jy weg kom. Ma het ook gedink, my kind. Baie. Van hoe jy weg is en gelukkig is ... en so goed af dat jy ons nie eers wil ken nie. Jy sal maar vir jou kleintjie, as dit nou dalk so is, ook so dink. Dis 'n alleen pad, my kind ... veral omdat die kind dit nie kan verstaan nie. (*Baie teer, soek na woorde.*) Tiemietjie ... askies vir die lewe wat ek jou ingehelp het ... Ma ... ag, Here ... Ma is ook maar mens en Ma ... Ag, my kind ... ma sal nie kla oor jy by Jakes geslaap het nie ... Jy sien ... Tiemietjie, jy sien, my kind ... Ma wéét, my kind, Ma wéét. |

4.6 Identifiseer en verduidelik die verandering in Ma se stemtoon in BRON B. (4)

4.7 Beskryf hoe 'n akteur hierdie monoloog vokaal kan opvoer deur die gebruik van tempo en volume. (6)

4.8 Bespreek hoe die karakters in die toneelteks die verskille tussen die Suburbs en die wêreld buite die Suburbs weerspieël. Verwys in jou antwoord na ten minste DRIE karakters. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**


## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (NÁ 1994)

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

## VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**




**Sarah Roberts – Stelontwerp vir *Nothing but the Truth***
*(Hierdie illustrasie is 'n reproduksie van die oorspronklike stelontwerp deur Sarah Roberts)*

Jy is die regisseur van *Nothing but the Truth* by jou skool. Jy besluit om Sarah Roberts se stelontwerp in BRON A te gebruik.

5.1 Wat is die genre (tipe) van hierdie stelontwerp? (1)

5.2 Verduidelik hoe hierdie genre die toneelspelstyl in die verhoogruimte beïnvloed. (4)

5.3 Beskryf die ontwerpuitleg (rangskikking) van die stel. (4)

5.4 Verduidelik die dramatiese doeltreffendheid van die volgende:

- Die kralegordyne
- Die vullis buite die huis
- Die siklorama ('n lap wat agter op die stel gehang word en waarop ligte verskillende verhoogeffekte projekteer, byvoorbeeld 'n sonsondergang) (6)

5.5 Identifiseer waar in die skool jy die stel sal bou en noem waarom dit 'n geskikte plek sal wees om die toneelstuk op te voer. (3)

5.6 Verduidelik hoe die stel en rekwisiete jou gehoor kan help om die karakters en situasie beter te verstaan. (4)

5.7 Kies die beligting en klankeffekte wat jy sal benodig. Gebruik die toneelteks om jou keuses te motiveer. (4)


5.8 Jy beplan om met hierdie toneelstuk te gaan toer. Verduidelik watter uitdagings (probleme) jy met die stel sal hê en hoe jy dit sal oplos. (4)

5.9 Verduidelik waarom dit 'n belangrike toneelteks is om vandag in Suid-Afrika op te voer. Sluit TWEE temas en hulle impak op die gemeenskap en samelewing as geheel by jou bespreking in. (10)
**[40]**

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**



**'n Produksiefoto van *Groundswell* wat die uittreksel in BRON B uitbeeld.**

**BRON B**

JOHAN: (*Removing a wallet from an inside pocket)* Then this must be your wallet?

SMITH: *(Taken aback)* What?

THAMI: What are you doing?

JOHAN: I'm making sure, that's all. *(He opens the wallet and goes through it; takes out a driver's licence, reads the name.)* Jeffrey Reginald Smith.

SMITH: *(Stands up and lunges towards Johan)* Give that to me.

Veronderstel jy is die regisseur van *Groundswell.*

6.1 Noem waarom die kostuums in BRON A geskik (reg) lyk vir elke akteur. (3)

6.2 Bespreek TWEE eienskappe waarna jy sal soek wanneer jy die rolverdeling vir elke karakter doen. (6)

6.3 Wat kommunikeer die dramatiese verhouding van die karakters in die toneel in BRON A aan die gehoor? (3)

6.4 Verduidelik aan akteurs hoe die verhouding tussen Johan, Smith en Thami deur gesigsuitdrukkings, beweging en gebare uitgedruk kan word. (Jy mag na enige van BRON A of B verwys.) (6)

6.5 Sou jy die foto in BRON A op 'n plakkaat gebruik wat die toneelstuk adverteer? Motiveer jou antwoord. (4)

6.6 Verduidelik hoe jy die akteurs in BRON B sal lei/regisseer om toonkleur en volume te gebruik om hul dialoog effektief op te voer. (6)

6.7 Skryf 'n artikel vir jou skoolkoerant waarin jy die toneelstuk adverteer. Bespreek die volgende:

- Die verhoogplasing van die toneelstuk
- 'n Kort opsomming van die intrige
- Die temas en kwessies in die toneelstuk
- Die betekenis van die titel
- Die toepaslikheid van die toneelstuk op Suid-Afrika vandag (12)

**[40]**

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**



***Mis* – Magiese Realisme**

'Sommige karakters in die toneelstuk word meer met die magiese wêreld geassosieer as ander. Net so laat die towenaar in 'n sirkus die grense tussen skyn en werklikheid die meeste vervaag.'

7.1 7.1.1 Definieer die term *magiese realisme*. (2)

7.1.2 Identifiseer die karakter in die toneelteks wat die meeste met 'n towenaar in 'n sirkus geassosieer word. (1)

7.1.3 Noem die fisiese gestremdheid waaraan hierdie karakter skynbaar ly. (1)

7.1.4 Verduidelik waarom hierdie karakter simbolies met 'n towenaar geassosieer kan word. (6)

7.2 Beskryf hoe die volgende karakters op die aankoms van die sirkus in die dorp reageer:

- Miem (2)
- Gertie (2)

7.3 Die eksterne omgewing van die sirkus is 'n vergelyking met die interne omgewing van die huis. Bespreek die moontlike redes waarom Reza de Wet hierdie metafoor/vergelyking gebruik. (6)

7.4 Die sirkusmusiek het 'n belangrike funksie in die toneelstuk. As 'n regisseur, noem en verduidelik die gebruik van DRIE ander klankeffekte. (6)

**BRON B**

| | |
|---|---|
| MEISIE: | 'n Paar jaar gelede was die sirkus hier. Net soos nou. Maar dit was 'n warm nag. ' 'n Vroeë somer,' het my ma gesê. 'Dit sal droogte en siekte bring'. *(Saggies.)* Dis baie bedompig in die huis. Ons het al die vensters oopgemaak en bed toe gegaan. Ek skrik skielik wakker. Ek lê in die donker en luister na musiek. En dit klink asof die musiek harder en al hoe harder word. Daar is takke wat krap op die dak en die gordyne waai op maar van die musiek. Ek gaan staan by die venster en van daar af sien ek die tent. Die groot tent bedek met klein liggies. Die musiek word harder en al harder. Skielik klim ek by die venster uit, spring af tussen die rose, glip deur die tuinhekkie en loop na die sirkusgronde. Net so. Kaalvoet deur die dorings. Ek loop tussen die hokke deur. 'n Tier brul. 'n Apie skree. En nou staan ek reg langs die tent. *(Sy lag.)* Daar is 'n klien gaatjie en ek loer daardeur. *(Sy maak 'n 'gaatjie' met haar vinger en duim en loer daardeur.)* Eers die een oog, dan die ander. *(Stilte, die betowerde, asof alles weer gesien word.)* Ek sien 'n man met lang, swart hare en 'n blink mantel. Daar is 'n meisie saam met hom. Hy hou 'n saag omhoog sodat die gehoor dit kan sien, en hy roep iemand nader om te kom voel hoe skerp dit is. Vet Oom Soon kom vinnig nader, en almal lag, want hy sny sy vinger. Die man wys na 'n lang kis en slaan die deksel van die kis oop. Die mooi meisie vra mooi en pleit, en val op haar knieë voor die man neer. Hy gryp haar gewrigte en sleep haar na die kis, gooi haar in en maak die deksel toe. Haar kop steek aan die een kant uit en haar voete aan die ander kant. Die man begin saag en saag. Die meisie skreeu. Die saag is met bloed bedek, en die kis word middeldeur gesaag, maar haar kop en voete beweeg steeds. Die man gooi sy mantel oor die kis en se 'n paar magiese woorde. Hy haal die mantel af en maak die deksel oop. *(Oorstelp van geluk.)* Die meisie spring uit en alles is weer reg! Sy is weer heel! Almal skree en fluit! Sy strek haar arms wyd uit. |

7.5 In BRON B herleef Meisie haar ervaring van die towerwêreld by die sirkus.

7.5.1 Wat suggereer die reël 'Dit sal droogte en siekte bring' (reël 2) oor Miem se karakter? (3)

7.5.2 Verduidelik hoe die verwysings na die weer in hierdie uittreksel tot die atmosfeer in hierdie toneel bydra. (3)

7.5.3 Beskryf hoe die akteur wat Meisie speel, hierdie monoloog vokaal en fisies sal opvoer om haar vertolking van die begin van die monoloog tot die einde af te wissel.
Jy mag na enige reëls verwys om jou antwoord te staaf. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

AFDELING D is VERPLIGTEND.

**VRAAG 8**

Bestudeer AL DRIE bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

'Teater kan sonder grimering, sonder kostuums en toneelskilderkuns (stel), sonder 'n aparte opvoerruimte (verhoog), sonder beligting en klankeffekte, ensovoorts bestaan. Dit kan nie sonder die akteur-toeskouer-verhouding bestaan nie. Ons beskou die persoonlike en toneeltegniek van die akteur as die kern van teaterkuns.'

– Grotowski, *Towards a Poor Theatre*

**BRON B**



**Fotobeelde van 'n produksie van *The Lion King – The Musical***

8.1 Bespreek wat jy verstaan onder *Arm Teater (Poor Theatre)*. (5)

8.2 Verduidelik hoekom Arm Teater so gewild was in Suid-Afrika en so suksesvol in Protes- en Werkswinkelteater gedurende die apartheidsera. Jy mag na enige van die toneeltekste wat jy bestudeer het of enige van die opvoerings wat jy gesien het, verwys. (10)

8.3 The Lion King – The Musical kan as Ryk Teater geklassifiseer word.

Verduidelik waarom *The Lion King* 'n voorbeeld van Ryk Teater is. Verwys in jou antwoord na die foto's in BRON B. (5)

8.4 Jy het besluit om 'n Arm Teater-produksie van *The Lion King* aan te bied.

Noem VYF vaardighede wat jy van die akteurs wat oudisies vir die produksie aflê, sal verwag. (5)

**BRON C**




'Dit is een van die tragiese ironieë van die teater dat slegs een man daarin op gereelde werk kan staatmaak – die nagwag.'

8.5 Bespreek hoe jy op die kommentaar hierbo sal reageer. Verwys in jou antwoord na die volgende:

- Toneeltekste wat jy bestudeer het
- Praktiese werk wat jy gedoen het
- Persoonlike ervarings wat jy in Dramatiese Kunste gehad het

(Jou antwoord moet ten minste EEN bladsy lank wees.) (15)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou